

Kwartaal 2 • Winter uitgawe

KLIMAATVOORUITSIGTE

*vir die herfs en winter vir die rosyntjie
produserende gebiede van Suid-Afrika*

Bladsy

16

*Geskryf Deur:
Johan van den Berg*

GALA 2025 NOMINASIES NOG OOP

Bladsy

24

*Geskryf Deur:
Chantelle Kotze*

RAISINS SA ALGEMENE JAARVERGADERING

Bladsy

30

*Geskryf Deur:
Madene Conradie*

IN DIE UITGawe:



*Volhoubaarheid - Word 'n
beter finansiële bestuurder*

Bladsy
05



*Merietebeurs Aansoeke
Nou oop!*

Bladsy
11

CONTENT DISCLAIMER AND WAIVER

All information obtained from authors and/or various role players within the sector was done and compelled by the various entities as cited under each article. This is the opinion of the various authors, as indicated. Raisins SA cannot be held liable for any misleading and/or faulty data.

It is however the responsibility of Raisins SA to evaluate the quality and/or accuracy of all content published to ensure that all role players obtain the most accurate and latest studies and/or news within the sector, while taking account the author's right to freedom of speech. As Raisins SA is not the author of all the content, Raisins SA will not accept any liability with regards to published articles/statistics/data analysis and/or any other related data/factual article published.

Raisins SA would also like to emphasize that all information received and/or sent will be utilized for the intended purpose and protected in terms of the POPIA Act.



Voorwoord

Aan ons gewaardeerde produsente en verpakkers – ons lede van Raisins SA

Die tweede kwartaal van 2025 is gekenmerk deur twee beduidende ontwikkelings wat die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf aan beide omgewings- en regulatoriese druk onderwerp het. Hierdie sluit in die voorgestelde afgradering van die Oranjerivier na Klas 3-status, asook die vrugtevlieg-uitbraak wat gelei het tot regulatoriese onsekerheid rondom kwarantynedeklarasies in die Laer-Oranjerivier produksiegebied.

Die afgradering van die Oranjerivier spruit uit die Departement van Water en Sanitasie (DWS) se Waterhulpbron-Klassifikasieprogram. Volgens die Departement sal toekomstige druk - veral met die ingebriukneming van Fase 2 van die Lesotho Hoogland Waterprojek in 2030 - dit al hoe moeiliker maak om ekologiese vloeiverpligtinge in die Laer-Oranjerivier na te kom. As deel van hierdie proses is 'n afgradering na Klas 3 voorgestel.

Raisins SA het egter ernstige kommer uitgespreek: die besluit blyk gebaseer te wees op verouderde of onvolledige hidrologiese data, en verminderde rivervloei kan besoedelingsvlakte vererger en gesondheids- en produksierisiko's vir ons gemeenskap en produsente verhoog.

Raisins SA spreek sy oopregte waardering uit teenoor Agbiz vir hul leierskap en strategiese ingryping om hierdie kwessie op die agenda van die BUSA Waterwerksgroep te plaas. Hulle betrokkenheid verseker dat georganiseerde landbou 'n sterk en goed ingeligte stem het in bilaterale gesprekke met die Departement van Water en Sanitasie. Ons bedank Agbiz vir hul volgehoue verbintenis tot volhoubare en billike waterbestuur.

Ons spreek ook waardering uit teenoor Gariep Watch, wat 'n deurslaggewende rol gespeel het in die monitering van watergehalte in die Oranjerivier en die verskaffing van onafhanklike data om die impak van hierdie beleidsvoorstelle realisties te beoordeel. Hulle werk het van kritieke belang gebly om die werklike risiko's aan produsente en die omgewing bloot te lê.



Terselfdertyd is Bactrocera dorsalis (Oosterse vrugtevlieg) bevestig in verskeie belangrike rosyntjieproduserende gebiede, wat tot oproepe vir onmiddellike kwarantynmaatreëls geleid het. Ondanks vroeë opsporing deur FruitFly Africa, is daar tot op hede geen formele kwarantynkennisgewing uitgereik deur die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) nie – soos vereis ingevolge die Wet op Landbouplae, 1983 (Wet 36 van 1983).

Raisins SA het die Departement amptelik daaraan herinner dat sodanige maatreëls – insluitend kwarantyngebiede en permitvereistes – skriftelik aan produsente gekommunikeer moet word of in die Staatskoerant gepubliseer moet word. Totdat hierdie wetlike plig nagekom is, verkeer produsente in 'n onseker posisie, sonder duidelikheid oor hul verpligte of regte.

Verder, ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), mag Raisins SA nie lede se kontakbesonderhede met die Departement deel sonder hul skriftelike toestemming of 'n formele regsopdrag nie.

Hoewel ons bereid is om die Departement by te staan met implementering en kommunikasie, rus die verantwoordelikheid om kwarantyngebiede af te kondig en regulasies af te dwing uitsluitlik by die staat. Hierdie twee kwessies – ten opsigte van watersekerheid en fitosanitêre nakoming – het die noodsaaklikheid beklemtoon van wetenskapgebaseerde besluitneming, interdepartementele verantwoordbaarheid en volhoubare bedryfsbestuur.

Raisins SA bly daartoe verbind om produsentebelange met integriteit te verteenwoordig, terwyl ons wetlike nakoming verseker en die integriteit van ons uitvoerwaardeketting beskerm.



waardering:

Wessel Lemmer

Inhoud

NAVORSING & ONTWIKKELING

02. Wintervelddae >

MARKTOEGANG, INTELLIGENSIE & ONTWIKKELING

04. Suid-Afrikaanse kommersiële landbou se bydrae om Suid-Afrika op koers te kry moet nie onderskat word nie! >

05. Volhoubaarheid - Word 'n beter finansiële bestuurder >

08. Logistieke Diversifikasie: 'n Noodsaak vir Rosyntjie-uitvoerders >

TRANSFORMASIE

11. Merietebeurs Aansoeke Nou oop >

INLIGTING & KOMMUNIKASIE

14. Huidige Inname Volumes 2025 >

16. Klimaatsvoortsigte vir die herfs en winter vir die rosyntjie produserende gebiede van Suid-Afrika >

20. Augrabies Falls Klipspringer Challenge >

22. FNB Landboupraatjie >

24. GALA 2025 nominasies nog oop >

26. Bobotie with yellow rice and raisins >

29. Algemene Jaarvergadering >

32. Kalender >

BEDRYFSTRUKTURE

34. Groot Opedag by die Vine Academy and Model Farm >

36. Collaboration in Action: Watch How Industry and Government Came Together to Power the Cape Town Port >



Navorsing & Ontwikkeling



Wintervelddae

Raisins SA se Wintervelddae was tydens Junie, in verskeie areas aangebied, hierdie areas sluit in: Vredendal, Vanrhynsdorp, Marchand, Groblershoop en Kanoneiland.

By die Oranjerivier Velddae was ons gelukkig om drie spesialiste van Inteligro te verwelkom: Duane de Swart, 'n kenner in plantvoeding, De Wet Du Toit, wat spesialiseer in gewasbeskerming vir wingerde, en Thinus Smuts, Gebiedsbestuurder - Noord-Kaap. Hulle het hul kundigheid oor wingerdbemesting en spuitprogramme vrygewig met ons produsente gedeel. Verder het ons tegniese span gesprekke gevoer oor snoei- en droogtegnieke.

Inteligro is al agt jaar lank 'n gewaardeerde borg van Raisins SA.

Vir gewasoplossings,
kontak u area se adviseur:

www.inteligro.co.za

Olifantsrivier Wintervelddae

Die Olifantsrivier Wintervelddae het verskeie boeiende onderwerpe gedek, insluitend: Snoei en Oeslading, Rusbreking, asook 'n demonstrasie van Ringelering

'n Hartlike dankie aan al die produsente wat die koue trotseer het, en aan hierdie geleenthede deelgeneem het. Onthou, kennis is mag!

Raisins SA se Velddae bied 'n interaktiewe platform waar besprekings vrylik vloei en demonstrasies gehou word.

Merk julle kalenders!

**Die volgende reeks Velddae vind in September plaas.
Bly ingeskakel vir die presiese datums!**





Marktoegang, -intelligenzie & -ontwikkeling



Suid-Afrikaanse kommersiële landbou se bydrae om Suid-Afrika op koers te kry

moet nie onderskat word nie!



Geskryf Deur:
Christo vd Rheede

Suid-Afrika bevind hom in troebel geo-politieke vaarwaters. Midde hierdie storm wil almal kaptein speel. En elkeen het 'n vierkantige eier te lê oor die situasie waarin Suid-Afrika hom bevind. Teenstrydige boodskappe kom vanuit die ANC en presidensie. En ook vanuit die RNE.

Die ANC se sekretaris-generaal, Fikile Mbalula, is van mening dat president Trump sy neus uit Suid-Afrika se sake moet hou. En dat Suid-Afrika 'n soewereine land is wat nie deur Donald Trump óf enige president beheer sal word nie.



Lees die volle artikel hier



Volhoubaarheid - Word 'n beter finansiële bestuurder

Geskryf Deur: Dawie Maree, FNB

Volhoubaarheid, of “sustainability” soos wat almal maar algemeen praat, is deesdae die warm gesprekspunte in raadsale, by boereverenigings en sommer rondom braavleisvure. Dit is dan seker gepas om bietjie iets te skryf oor volhoubaarheid.

Maar kom ons begin by die begin – wat is volhoubaarheid. Die mooi definisie is dat dit verwys na die vermoë om 'n proses voortdurend vol te hou of te ondersteun oor tyd. Klink maar baie na 'n melkery. In die algemeen verwys volhoubaarheid gewoonlik na die volhoubare gebruik van beperkte natuurlike hulpbronne, maar daar is ook iets soos ekonomiese of eerder finansiële volhoubaarheid, sowel as sosiale volhoubaarheid.

Die gesprekke op hierdie stadium in die landboubedryf fokus baie op omgewings-volhoubaarheid, maar dit is belangrik om nie die ekonomiese aspek daarvan agterweë te laat nie. Inteendeel, dit is dalk belangriker, want as jy op die langtermyn nie finansieel volhoubaar is nie, gaan die res nie veel beteken nie. Volhoubaarheid, produktiwiteit en winsgewendheid loop hand aan hand, want sonder die een is die ander nie moontlik nie (Figuur 1).



Figuur 1:

Verhouding tussen volhoubaarheid, produktiwiteit en winsgewendheid



Baie kan gesê word, en daar is alreeds in die verlede baie gesê en geskryf oor elkeen van hierdie drie aspekte, maar wat soos 'n paal bo water staan is dat indien jy volhoubaar wil boer moet jy 'n beter bestuurder word, maar veral 'n beter finansiële bestuurder. Om 'n beter finansiële bestuurder te word is soos om 'n rugby wedstryd te speel – hoe meer mens oefen en speel hoe beter word mens. Maar soos in die enige wedstryd is daar 'n paar dinge om te vermy wat natuurlik die geel- en rooikaarte insluit.

Van die geel- en rooikaarte in finansiële bestuur om te vermy is die volgende:

1. Ignoreer probleme – enige mens sal vinnig vir jou kan sê dat as die voertuig waarmee jy ry se “check engine” aangaan, dan stop jy so gou as wat jy kan en laat kyk daarna. Net so by finansiële bestuur – jy moet probleme identifiseer en dit so spoedig moontlik aandag daaraan gee. Dit is verseker 'n rooi kaart as jy dit vermy.
2. Oor-optimisme – ons boer en werk in landbou, so van nature is ons optimistiese mense, maar pasop vir oor-optimisme. 'n Geelkaart is om te dink dat wanneer produkpryse styg, dit vir altyd gaan styg. Ons weet landbou beweeg in siklusse, dus moet jy weet dat as iets opgaan moet dit een of ander tyd weer afkom ook.
3. Finansiële kennis en goeie finansiële bestuur is nie dieselfde ding nie. Laasgenoemde kom met baie wedstryd ervaring.

4. Net so is 'n sterk balansstaat nie noodwendig 'n teken van goeie terugbetaalvermoë nie. Jy kan 'n baie sterk balansstaat hê, maar jou bates is onproduktief en genereer nie 'n inkomste nie. 'n Definitiewe geelkaart is huis om in nie-produktiewe bates te belê.
5. 'n Volgende geelkaart is om jou finansies geheim te hou vir jou eggenoot. Onthou familie-boerdery is 'n spansport en almal in die span moet altyd bewus wees van die wedstrydplan. 'n Versekerde rooikaart (en sommer skorsing) is om nie oop en eerlik met jou finansierder te wees nie, want onthou wanneer 'n probleem ontstaan moet jy eerder vroeër as later met jou finansierder gesels sodat planne gemaak kan word, want as dit eers te laat is, is daar min dinge wat jou bankier kan doen om jou te help.

Dus, om 'n beter finansiële bestuurder te word en dus volhoubaar te wees, moet jy 'n beter spel speel.





Dit kan jy doen deur onder andere die volgende:

1. Goeie kontantvloeibestuur. Enige goeie bankier sal vir jou kan vertel dat wanneer daar aansoek gedoen word vir krediet, jou kontantvloeibegroting waarskynlik een van dié belangrikste dokumente in die aansoek is.
2. Verminder en bestuur kostes. Veral vaste kostes moet gereeld ondersoek word en bepaal word waar daar gespaar kan word. Die Suid-Afrikaanse melkboer doen alreeds goeie kostebestuur, maar daar kan altyd plek wees vir verbetering. Wat produksiekoste of veranderlike koste betref, is dit ook belangrik om dit te bestuur, maar onthou jy kan jouself bankrot spaar ook. Die sleutel is waarskynlik optimale produksiekoste vir optimale wins.
3. Bou 'n (goeie) rekord. Dit is belangrik om goeie besigheidsverhoudinge te bou, nie net met 'n finansierder nie, maar ook met insetverskaffers en kopers. Om rond te val tussen verskaffers en melkkopers laat net onnodige vrae ontstaan en dit skep nie 'n goeie beeld van 'n volhoubare besigheid nie.
4. Bekom en gebruik kundige advies. Rassie en Jacques het nie eiehandig die Springbokspan afgerig na 'n Wêreldbeker oorwinning nie. Hulle het gebruik gemaak van kundiges op verskillende vlakke van die spel. Net so moet jy as produsent gebruik maak van die kundiges wat jou boerdery diens om ingeligte besluite te neem sodat jy volhoubaar kan wees.



5. Opvolgbeplanning. Wanneer daar gepraat word van opvolgbeplanning gaan dit nie net oor aftrede of uittrede nie. Dit is duidelik dat baie meer jongmense terugkeer na die landbousektor en betrokke raak in die familie boerdery. Maar is die plaas groot genoeg om twee of meer gesinne te onderhou, of moet daar grond aangekoop word om uit te brei? Hierdie is aspekte wat in 'n familieboerdery gereeld bespreek moet word. En kry maar kundige advies daarvoor ook.

Suid-Afrikaanse boere weet hoe om in moeilike jare boere, maar die goeie jare is baie keer die jare wat boere pootjie – veral wanneer dit kom by finansiële bestuur. Die meerderheid boere wat hulle plase verloor is nie as gevolg van 'n swak jaar nie, maar eerder as gevolg van swak finansiële besluite.



Onthou jou finansiële besluite in die goeie jare gaan jou lot en volhoubaarheid in die moeilike jare bepaal.





Logistieke Diversifikasie: ’n Noodsaak vir Rosyntjie-uitvoerders

Geskryf Deur: Annelize Marais, Trustroot



In die wêreld van rosyntjie-uitvoer is diversifikasie nie net ’n beginsel vir produkreeks nie, maar ’n noodsaaklike strategie vir oorlewing en volhoubare groei. “Variety is the spice of life” geld ook vir hoe ons, ons produkte by die eindverbruiker kry – ons sogenaamde “route-to-market”.

Vir die meerderheid rosyntjie-uitvoerders in Suid-Afrika is die hawe van Kaapstad die mees voor-die-hand-liggende logistieke kanaal. Dis na aan produksiegebiede, relatief goed ontwikkel, en internasionaal verbind. Maar wat gebeur wanneer hierdie roete onder druk kom?

Verstaan jou huidige kosteketting

Die eerste stap vir enige uitvoerder is om die volledige kosteketting te verstaan soos dit tans funksioneer – van verwerker tot by die internasionale koper. Kaapstad se hawe mag dalk aanvanklik na die goedkoopste opsie lyk, maar is dit werlik die goedkoopste as dinge skeefloop? Die realiteit is dat hawe-opeenhoping, operasionele oneffektiwiteit, en onvoorspelbare weerstoestande soos wind en mis ernstige vertragings veroorsaak. Hierdie vertragings het ’n direkte impak op addisionele onbeplande kostes (rente-, stoor-, vervoer-, staan-, &/ demurrage kostes), vertraagde betalings (kontantvloei), beskadigde verhoudings met kliënte, en soms selfs verlore volumes. Die “onsigbare” kostes hiervan stapel vinnig op.



Wat is die koste wanneer dinge verkeerd loop?

'n Paar dae se vertraging kan die ekonomiese voordeel van 'n 'goedkoper' hawe heeltemal uitwis. Vra jouself: Wat kos dit my werklik om vasgevang te wees in 'n hawe wat nie funksioneer soos dit moet nie? En hoe beïnvloed dit my afleveringstyd, reputasie en klanttevredenheid? Dis in hierdie konteks wat die ondersoek van alternatiewe roetes noodsaaklik raak.

Alternatiewe roetes – is dit werklik duurder?

Opsies soos Port Elizabeth (Gqeberha), Durban en selfs Walvisbaai in Namibië bied alternatiewe, afhangend van die eindbestemming van die vrag. Aanvanklike kostes mag hoër lyk – verder vervoer na die hawe, ander hanteringsfooie – maar as die operasionele doeltreffendheid beter is en jy kan vertrou op tydige afleverings, dan mag hierdie "duurder" roetes dalk in werklikheid goedkoper wees.

'n Voorskriftelike logistieke model – die pad vorentoe?

Ons sien reeds hoe die tafeldruwe-bedryf, onder leiding van SATI in samewerking met Transnova, besig is om 'n voorskriftelike logistieke model te implementeer. Hierdie model gee produsente en uitvoerders vooraf sigbaarheid oor die mees gesikte "route to market" gebaseer op werklike scenario's soos hawe opeenhoping, verskepingslyne se roetes, weer en koste.

Is dit moontlik tyd dat die rosyntjiebedryf dieselfde pad stap?

So 'n dinamiese model kan uitvoerders help om ingeligte besluite te neem, alternatiewe roetes te beplan en proaktief risiko's te bestuur – eerder as om reaktief te probeer red wat reeds skeefgeloop het.

Ons leef in 'n wêreld waar voorspelbaarheid toenemend skaars raak as gevolg van onbeplande en onbeheerbare elemente, bv. weerstoestande/internasionale politiese konflik oorloë ens. Daarom moet ons strategieë aanpasbaar wees.

Diversifikasie van logistieke roetes is nie net 'n manier om koste te bestuur nie – dis 'n manier om jou marktoegang te beskerm. **Die vraag is dus nie meer "Kan ek bekostig om ander opsies te oorweeg?" nie, maar eerder: "Kan ek bekostig om dit nie te doen nie?"**






Transformasie



Merietebeurs Aansoeke Nou oop!



Geskryf Deur:
Chantelle Kotze,
Raisins SA

Raisins SA is opgewonde om 10 studente wat entoesiasties is oor 'n loopbaan in wingerdbou die geleentheid te bied om aansoek te doen vir 'n merietebeurs om 'n diploma in Plantproduksie aan die Vine Academy and Model Farm in 2026 te volg.

Om aansoek te doen, stuur 'n e-pos met jou CV en 'n kort motiveringbrief na:



admin@raisinsa.co.za



Raisins SA is offering 10 applicants, 50%

Merit Bursaries

Diploma in Plant Production: NQF 5

About us

We believe in the power of education to transform lives. Our scholarship aims to support bright minds who are committed to making a positive impact through learning. Get in touch with us and apply for our Scholarship Program.

Bursary Selection Criteria

- Matric Certificate required as a minimum qualification
- Applicant must have a passion for viticulture

The application deadline is 15 September 2025.

 admin@raisinsa.co.za


Raisins
South Africa



Inligting & Kommunikasie



Huidige Inname Volumes 2025




Geskryf Deur:
Madene Conradie,
Raisins SA

Die totale innames tot en met 13 Junie 2025, was 100 495 ton. Dit is 96,63% van die oesskattig, met 'n totaal van 104 000 wat aanvanklik geskat was.


Dit is die heel eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis, dat meer as 100 000 ton produseer is.

“
Dit is 'n groot mylpaal waарoor die bedryf baie opgewonde is!
”





PRODUCT TYPE	TOTAL VOLUME INTAKE (ORANGE RIVER, OLIFANTS RIVER AND NAMIBIA)					
	12-16 May	19-23 May	26-30 May	02-06 Jun	09-13 Jun	TOTAL (Week-To-Date)
	Week 20	Week 21	Week 22	Week 23	Week 24	
Thompson*	552 591,27	612 717,63	79 157,25	20 655,50	52 414,00	57 934 969,01
Thompson JUMBO	0,00	9 098,15	0,00	0,00	0,00	705 680,81
Goldens	839 722,29	342 967,75	242 789,21	41 091,50	92 811,50	13 710 476,77
Goldens JUMBO	53 947,25	41 125,51	34 959,51	48 913,03	0,00	1 620 257,44
SA Sultana	41 645,00	5 201,50	327,81	1 588,00	523,00	10 174 848,63
OR Sultana	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	3 115 190,37
Flame	32 227,50	1 225,50	0,00	0,00	0,00	6 474 112,85
Currants	215,00	5 948,00	9 990,50	0,00	0,00	3 973 679,50
Other	78 327,02	12 528,50	308,00	0,00	0,00	2 833 343,69
TOTAL	1 598 675,33	1 030 812,54	367 532,28	112 248,03	145 748,50	100 542 559,05



Geniet die ruskans, lekker jag, en sterkte met die beplanning en voorbereiding vir die komende seisoen, wat hopelik net so 'n groot sukses gaan wees!



Klimaatsvooruitsigte vir die herfs en winter vir die rosyntjie produserende gebiede van Suid-Afrika

Geskryf Deur: Johan van den Berg

Produksietoestande vir rosyntjies was oor die algemeen gunstig vir die grootste deel van die vroeë tot middel produksiegedeelte van die 2024/25 seisoen. Vanaf die tweede deel van Februarie het reën egter in die Noord-Kaap begin voorkom wat baie probleme geskep het vir die oes en droog van druwe.


Daar moet egter in ag geneem word dat Februarie en Maart die maande met gemiddeld die hoogste reënval in die Noord-Kaap is. Verder is dit bekend dat La Nina verskynsels die kans vir reën verhoog inveral die westelike dele van die land. Die swak La Nina wat geheers het vanaf middel Desember 2024 tot einde Februarie 2025, het dus bygedra tot verbeterde kans vir reën in die Februarie tot April periode.

Reënvalverwagtings vir die Mei tot Oktober periode

Noord-Kaap

Langtermintendense toon dat reënval in die Mei tot November periode besig is om af te neem oor tyd. Vir 'n plek soos Upington het die bydrae vanaf Mei tot November se reënval ten opsigte van die jaarlikse totale reënval vanaf 1991 tot 2024, afgeneem vanaf 38% (Figuur 1, rooi stippelyn) tot onder 20%. Dit betekent dat die herfs, winter, lente en selfs eerste deel van die somer 'n al kleiner bydrae lewer tot die jaarlikse totale reënval en dus droër word. Daarenteen het die Desember tot April periode se bydrae gestyg van 62% tot net bokant 80%.

Daar is egter variasie tussen jare want tydens El Nino-seisoene is daar 'n neiging van meer reën in die lente en eerste deel van die somer as in ander tipe jare of seisoene maar die algemene neiging is vir minder reën in die winter tot vroeë somer.



Figuur 1:

Reënvaltotaal vir Upington vanaf 1 Mei tot 30 November uitgedruk as 'n persentasie van die jaarlike totale reënval vir die periode vanaf 1991 tot 2024 met die langtermintrend aangedui deur die rooi stippellyn

As daar na die see-oppervlaktemperature van die Sentrale Stille Oseaan se Nino-gebiede gekyk word, heers daar vanaf Maart 2025 oor die algemeen meer neutrale of gemiddelde temperature soos die geval ook was in die grootste deel van 2024. Klimaatsvoorspellings is tans weer baie onseker vir komende maande met neutrale toestande wat behoort voort te duur tot ten minste September 2025. Daar is tans ook nog baie min aanduidings wat verwag kan word vir die somer van 2025/26.

Die implikasie in terme van reënval is dat daar 'n groot kans is vir gemiddelde tot ondergemiddelde reënval vanaf Mei tot ten minste November 2025.

Weskus reënval

Wat die Weskus betref is daar nie baie goeie inligting wat duidelike verwagte reënvalpatrone aandui nie. Die korrelasie van reënvalpatrone met El Nino- en La Nina is baie swakker en lokale faktore soos die stand van die aangrensende Atlantiese Oseaan se oppervlaktemperatuur is dikwels meer bepalend. Met warmer oppervlakwater is daar meer vog wat in die atmosfeer opgeneem kan word maar wanneer frontale stelsels oor die gebied beweeg en baie koue toestande tot gevolg het, is daar meer vog wat beskikbaar gestel word vir reën. Tans is daar 'n baie gemengde sein met kolle van warmer en kolle van kouer water.

'n Leidende langtermynvoorspellingsmodel van die Universiteit van Colombia in die VSA, toon egter 'n bogemiddelde waarskynlikheid vir ondergemiddelde reënval vanaf Mei tot Julie.

Temperature

Noord-Kaap

Daar is veral twee temperatuurverwante aspekte wat die grootste produksierisiko inhoud. Die eerste is minimumtemperatuur en die voorkoms van ryp en die tweede die voorkoms van hittegolfstoestande. Die aantal koue-eenhede is ook belangrik maar die effek van te min koue eenhede is dikwels ondersesik aan ryp- en hittegolfstoestande.

Langtermintendense toon dat daar 'n verskuiwing in die voorkoms van rypdatums in die laaste dekade of twee begin voorkom het.



Die laaste rypdatums het met tussen een en vier weke aangeskuif en kom nou later in die seisoen voor wat 'n al hoe groter wordende risiko inhoud.

Indien die 2022-seisoen as voorbeeld geneem word met baie reën tesame met 'n La Nina-verskynsel, het die volgende in- en uittreeedatums van sekere temperatuurlimiete voorgekom vir 'n plek soos Kanoneiland (Figuur 2).

- Swaar ryp <0°C:**


Tussen 6 Julie en 29 Augustus

- Matige ryp (tussen 0°C en +2°C):**

Eerste datum is 5 Junie en laaste datum is 17 Oktober

- Ligte ryp (tussen +2°C en =4°C):**

Eerste datum is 22 Mei en laaste datum 17 Oktober



Figuur 2:

Kanoneiland: Eerste en laaste voorkoms van spesifieke minimumtemperatuure vir die soortgelyke seisoen van 2022

Neem in ag dat topografie 'n groot rol speel om minimumtemperatuure te bepaal omrede kou lug swaarder is as warm lug en dus afbeweeg na laagliggende gebiede. Laagliggende gebiede kan dus vroeër asook later in die seisoen ryp verwag as wat aangedui word in Figuur 2.

Dit word verwag dat die tendens van sporadiese hittegolfstoestande en baie warm temperature wat afgewissel word met koue toestande, weer vroeg in die seisoen te vore kan kom (September tot November).

Weskus

Die tendens van kouer toestande wat al hoe later in die seisoen voorkom, is ook tot 'n mate geldig vir die Weskus en winterreënvalgebied. Dit word dus verwag dat lae temperature vanaf Julie tot ten minste September kan voorkom en verder sorg vir 'n laat aanvang van die groeiseisoen, maar meer koue-eenhede wat kan voorkom, wat positief is.



Opsomming

- In die afwesigheid van sterk voorspellingsindikators, gaan langtermintendense asook die effek van klimaatsverandering 'n groot rol speel om klimaatstoestande te bepaal vir die volgende maande.
- Alhoewel daar bo-gemiddelde reënval voorgekom het vanaf Februarie tot April oor veral die Noord-Kaap, lyk toestande vir reën in die winter en lente na gemiddelde tot ondergemiddelde reënval. Die Weskus en winterreënvalgebiede se reënvalverwagtings vir die belangrike winterperiode lyk nie goed nie met gemiddelde tot ondergemiddelde reënval vanaf Mei tot Julie.
- In- en uitreedatums vir ryperiode neig na 'n later begin maar ook 'n later uitreedatum. Dit moet in ag geneem word wanneer daar vir die nuwe seisoen beplan word.





Augrabies Falls Klipspringer Challenge 2025



Geskryf Deur:
Chantelle Kotze,
Raisins SA

Raisins SA was vanjaar weer bevoorreg om 'n borg van die immergewilde Augrabies Falls Klipspringer Challenge te wees.

Die wedren het hierdie jaar op 3 en 4 Mei plaasgevind. Raisins SA is al vir die afgelope vyf jaar betrokke by hierdie geleentheid, waar ons 'n waterpunt vir albei dae beman.

Hierdie jaar het ons nie net 'n waterpunt gehad nie, maar ook drie rosyntjie produsente ingeskryf wat aan die tweedag uitdaging deel geneem het.

Hannes van Niekerk, Ockert Oosthuizen en Conrad Strauss.

Hierdie drie manne kan nie net goed boer nie, maar is almal fantastiese atlete. Raisins SA is trots om onsself met julle te assosieer! Hulle het natuurlik die bedryf se naam hoog gehou deur almal baie goed te vaar in die wedren.





Resultate as volg:



Hannes van Niekerk

Klipspringer Challenge Trial Run
+- 65KM oor twee dae

Dag 1: 03:02:32 **Dag 2:** 02:35:14

Algehele 2^{de} plek behaal



Ockert Oosthuizen

Klipspringer Challenge Trial Run
+- 65KM oor twee dae

Dag 1: 04:48:30 **Dag 2:** 04:12:24

Algehele 13^{de} plek behaal



Conrad Strauss

Klipspringer Lite
Twee-dag wedren van +- 40KM

Dag 1: 01:47:31 **Dag 2:** 01:46:02

Algehele 5^{de} plek behaal

Baie dankie aan Carpe Diem Raisins vir die borg van rosyne.

Vir meer inligting oor die wedren, besoek:



[Klipspringer Challenge | Trail Run](#)





FNB LANDBOUPRAATJIE 2025:

Growing More, Growing Smarter

Op 30 Mei 2025 het produsente, verwerskers, landboukundiges en finansiële instellings byeen gekom in Upington vir die FNB Landboupraatjie, aangebied deur Raisins South Africa, onder die tema “Growing More, Growing Smarter”.

Dit is die eerste keer sedert Covid-19, dat dit weer in samewerking met Upington Landbou Expo gehou is!

Die fokus van die praatjie: hoe Suid-Afrika se rosyntjiebedryf volhoubaar tot 150 000 ton produksie kan groei.

Die oggend se paneelbesprekings was strategies, gefokus en oplossingsgedreve.

- Dawie Maree van FNB het die belang van finansiële geletterdheid en strategiese besluitneming vir produsente uitgelig. Rekordhouing, koste-optimalisering en opvolgbeplanning is uitgelig as kern tot volhoubaarheid.
- Peter Kuilman van RedSun het terugvoer gedeel vanaf die 2025 INC-kongres in Spanje, en beklemtoon waarom Suid-Afrika se rosyntjiebedryf as een van min wêreldwyd beskou word met werklike groei-potensiaal.
- Stefan Jordaan het gefokus op embedded capstems – een van die grootste kwaliteitskwessies wat SA se uitvoerpotensiaal beperk. Praktiese oplossings, vanaf veldproewe, droogtegnieke, en kultivars, is bespreek.
- Wessel Lemmer van Raisins SA het Turkye en Suid-Afrika se klimaatsbeleid vergelyk en aangedui hoe mededingendheid en marktoegang al hoe meer afhanklik word van klimaatsnakoming.



- Jolanda Andrag van Agri SA het ESG-integrasie in landboufinansiering en marktoegang verduidelik. Produsente word toenemend geassesseer op hul volhoubaarheidspraktyke, en hierdie was veral baie insiggewend.
- Annelize Marais van GAC Laser het logistieke kostes uiteengesit – 'n kritieke komponent van uitvoer. Sy het gewys hoe beter logistiek die hele waardeketting kan versterk en produksie-uitbreiding moontlik maak.
- Prof. Theo Venter het 'n oorsig van die politieke landskap gebied – van plaaslike koalisies tot internasionale verhoudinge en tariefbeleid – en beklemtoon hoe beleidsonsekerheid uitvoermarkte beïnvloed.

Samevattend het die dag bevestig dat Suid-Afrika nie net kan nie, maar moet uitbrei tot 150 000 ton, mits elke skakel in die ketting – van finansiering, kultivar-keuses en arbeid tot klimaatstrategie en logistiek – saamwerk.

Fasilitateerde Lourensa Eckard het die gesprekke kundig gestructureer rondom volhoubare groei. Dit was 'n waardevolle netwerk-geleentheid, en ons sien alreeds uit na 2026 s'n!

Dankie FNB-span, vir julle deelname en insette – dit is 'n voorreg om saam met julle te werk!



NOTA

Vir diegene wie nie die oggend kon bywoon nie,
sien skakels na die blitstrekke:






Gala 2025 Nominations

NOW OPEN!

Nominations Open: 1 April 2025 | **Nominations Close:** 1 July 2025



GALA 2025 NOMINASIES NOG OOP



*Geskryf Deur:
Chantelle Kotze,
Raisins SA*

2025 se Raisins SA/FNB Gala nominasies is nou amptelik oop.

Indien u graag 'n produsent vir enige van hierdie kategoriee wil inskryf kan dit nou gedoen word deur op hierdie skakel te klik:

GALA NOMINASIES SKAKEL

Inskrywings nog oop tot 1 Julie 2025.

Kategoriee:

Most Improved Grower of the year

Produsente wie, deur beste boerderyprakteke toe te pas, erkenning te gee vir die vordering wat hul in hul produksie en kwaliteit getoon het die afgelope jaar. Hierdie kategorie is vir produsente wat 'n wesenlike vordering getoon het in terme van produksie.

Vroueprodusent van die jaar

Vroueprodusente wie uitnemendheid in die volhoubare produksie van hoë gehalte rosyntjies in Suid-Afrika bevorder.

Jongboer van die jaar

Jong produsente wie uitnemendheid in die volhoubare produksie van hoë gehalte rosyntjies in Suid-Afrika bevorder. Die wenner in dié kategorie moet eienskappe toon wat hom of haar as een van die toekomstige leiers in die rosyntjiebedryf identifiseer.



Bobotie with yellow rice and raisins

By: Sam Linsell, Drizzle and Dip



Bobotie:

Ingredients:

- 2 Tbsp oil
- 1 large onion, peeled and coarsely grated or chopped
- 500g lean beef or lamb mince
- 2 cloves garlic, crushed
- 4 tsp (20ml) medium curry powder (or mild if you prefer mild)
- 1 tsp (5ml) additional medium curry powder or garam masala
- ½ tsp (2.5ml) turmeric
- 1/2 tsp (1ml) ground coriander
- 1/2tsp (1ml) ground ginger
- 1/2 tsp (1ml) mixed dried herbs
- pinch cayenne pepper or chilli powder (optional for heat)
- 2 slices white or brown bread, crusts removed
- ½ cup (125ml) milk
- ½ red or green pepper, finely diced
- 1 large Granny Smith unpeeled green apple, finely diced or coarsely grated
- 1 tsp (5ml) salt
- 1 tsp (5ml) baking powder
- 2 tbsp (30ml) apricot jam or fruit chutney
- 2 Tbsp raisins, soaked in hot water for 5 minutes, then
- 1 tbsp (15ml) white vinegar
- 1 tsp (2.5ml) beef stock powder (or one sachet of stock concentrate)



Topping

Ingredients:

- 2 eggs
- ½ cup (125ml) milk
- ¼ tsp (1ml) salt
- 6 - 8 coarsely chopped cashew nuts (optional)
- lemon or bay leaves (optional)

Instructions:

- Heat a nonstick frying pan with 2 tablespoons oil and fry the onion for about 4 minutes until starting to soften. Add the meat, garlic and and stir-fry over moderate heat for about 5 minutes or until the meat is loose and crumbly.
- Soak the 2 slices of bread in the milk.
- Add the pepper and apple and cook 5 minutes more until meat is lightly browned.
- Add the remaining ingredients and cook for a further minute until well combined. Adjust the seasoning to taste and spoon into an ovenproof dish of a suitable size. Smooth the top.
- Beat together the ingredients for the topping and pour over the meat. Scatter the nuts over the top and stick a few lemon or bay leaves decoratively into the meat.
- Bake at 170°C for about 30 minutes for the large dish or 20 minutes for the ramekins or until the topping has set and turned light golden brown.

Notes

*loosely cover the dish with a piece of foil to prevent over browning if necessary





Yellow rice

Ingredients:

- 1 cup (250ml) rice (any favourite white or brown)
- $\frac{1}{2}$ tsp (2.5ml) salt
- 1 tsp (5ml) turmeric
- 1 Tbsp (15ml) butter or olive oil
- $\frac{1}{4}$ cup (60ml) raisins
- 1 small cinnamon stick

Instructions:

- Soak and rinse the rice according to the manufacturer's instructions.
- Place all the ingredients into a saucepan and bring to boil. Turn down the heat and simmer gently for about 25 minutes or until the rice is tender and dry.
- Remove the cinnamon stick and fluff lightly with a fork before turning into a suitable dish to serve.



Quick apple & raisin chutney

Ingredients:

- 1 granny smith apple peeled and chopped into small cubes
- $\frac{1}{2}$ cup raisins
- $\frac{1}{2}$ cup water
- $\frac{1}{4}$ cup apple cider vinegar
- 2 Tbs brown sugar
- $\frac{1}{2}$ tsp medium curry powder
- $\frac{1}{2}$ tsp ground ginger
- 1 tsp salt
- A few grinds of black pepper
- Small piece of cinnamon stick or bark

Instructions:

- Put the apple, raisins, sugar and water into a small pot and bring to the boil. Simmer for 5 minutes.
- Add the rest of the ingredients and keep cooking over a low heat for about 10-15 minutes, stirring occasionally. Remove from the heat when all the liquid has cooked off and the apples start disintegrating and breaking up.
- Allow to cool mashing the apple a bit to thicken.

Algemene Jaarvergadering



WYK 1

Groblershoop
Hedgehog Padstal
29 Julie 2025
09:00

WYK 2

Louisvale
Boereverenigingsaal
29 Julie 2025
15:00

WYK 3

Kakamas
VAMF
30 Julie 2025
09:00

WYK 4

Vredendal
Golf Klub
31 Julie 2025
09:00

Raisins
South Africa





RAISINS SA ALGEMENE *Jaarvergadering*

Deur: Madene Conradié,
Raisins SA

Let asseblief op die volgende inligting rakende die algemene jaarvergadering:

- Die vergadering kan slegs in persoon bygewoon word.
- U moet regstreer deur die volgende skakels te volg en u besonderhede volledig te voltooi:

> Wyk 1

> Wyk 2

> Wyk 3

> Wyk 4

Deur bewyse (die oudits) te kan gee dat daar effektief aan al die bogenoemde maatstawwe voldoen word, word marktoegang bevorder. Dit verseker 'n veilige omgewing waarin voedsel produseer kan word, en dat onveilige produk vinnig onttrek kan word vanuit die mark.

Niemand mag deelneem aan die vergadering as hy/sy nie geregistreer is nie.

1. 'n E-pos ter bevestiging van suksesvolle registrasie sal aan u gestuur word.
2. Registrasie moet vyf (5) werksdae (Saterdae, Sondae en publieke vakansiedae uitgesluit) voor die AJV gedoen word, dus voor of op 21 Julie 2025 (as voorbeeld vir Wyk 1 en Wyk 2).
3. 5. Indien u iemand wil nomineer om names u by te woon/te stem, moet die volmag vorm vpltooi word (beskikbaar by Raisins SA se kantoor).
4. Die volmag vorm moet ingeval en ingedien word by madenec@raisinsa.co.za, vyf (5) werksdae (Saterdae, Sondae en publieke vakansiedae uitgesluit) voor die AJV, dus voor of op 21 Julie 2025 (as voorbeeld vir Wyk 1 en Wyk 2).
5. Alle algemene punte wat lede wil toevoeg tot die agenda moet deurgegee word aan ons kantore (madenec@raisinsa.co.za) voor of op 24 Julie 2025 (as voorbeeld vir Wyk 1 en Wyk 2).
6. 'n Nominasievorm is aangeheg vir u oorweging, ons versoek graag dat alle direksie nominasies vir Wyk 1 en Wyk 2 voltooi en gestuur word na madenec@raisinsa.co.za teen 21 Julie 2025. Skakel gerus met u boereverenigingsvoorsitter in hierdie verband:



WYK 1:

Karos – Pieter Saunderson:

ohna1@vodamail.co.za

Eendrag – Zietsman van der Walt

frederik.vanderwalt@pepsico.com

Gariep – Chris van der Westhuizen:

1acdW@gmail.com

Groblershoop – Andre Smith:

andresmith@lantic.net

Grootwilg – Kobus Maass:

kobusmaass193@gpaboer.com

WYK 2:

Friarsdale – Hennie de Wet:

henniedewet03@gmail.com

Louisvale – Schalk Engelbrecht:

swbe@oranjenet.net

Kanoneiland – Adriaan Pearson:

adriaan@3visie.co.za

Keimoes – Abrie Visser:

omstaan@gmail.com

Wyk 1

Hedgehog Padstal, Groblershoop

Dinsdag, 29 Julie 2025 @09:00

Wyk 2

Louisvale Boereverenigingsaal, Louisvale

Dinsdag, 29 Julie 2025 @15:00

Wyk 3

Vine Academy and Model Farm, Kakamas

Woensdag, 30 Julie 2025 @09:00

Wyk 4

Vredendal Golfklub, Vredendal

Donderdag, 31 Julie 2025 @09:00

Indien daar enige onsekerheid is kan u direk met Madene Conradie skakel by Raisins SA se kantore.



Kalender

*Tentatiewe datums wat steeds kan verander



SUNDAY	MONDAY	TUESDAY	WEDNESDAY	THURSDAY	FRIDAY	SATURDAY
29	30	1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
	ABF besoek	ABF besoek	ABF besoek	ABF besoek	ABF besoek Gala	
20	21	22	23	24	25	26
		SKOOL OPEN KWARTAAL 3	DWPO Oranjerivier			
27	28	29	30	31	1	2
		Wyk 1 Jaarvergadering	Wyk 3 Jaarvergadering			
		Wyk 2 Jaarvergadering	DWPO Vergadering Olifantsrivier	Wyk 4 Jaarvergadering		

BELANGRIK

DWPO Oranjerivier:
14:00-17:00 (Venue: Upington Inn)

Wyk 1 Jaarvergadering:
09:00 (Venue: Hedgehog Padstal,
Groblershoop)

Wyk 2 Jaarvergadering:
15:00 (Venue: Louisvale BVsaal)

Wyk 3 Jaarvergadering:
09:00 (Venue: VAMF)

DWPO Vergadering Olifantsrivier:
18:00-21:00 (Venue: Letsatsi Lodge,
Vredendal)

Wyk 4 Jaarvergadering:
09:00 (Venue: Golf Klub, Vredendal)

NOTAS

VAKANSIEDAE



Bedryfs- strukture



Groot Opedag by die Vine Academy and Model Farm



LEARN • EMPOWER • GROW

Die Vine Academy and Model Farm in Kakamas het op Donderdag, 29 Mei, met groot sukses hul jaarlikse opedag aangebied. Die geleentheid het talle besoekers gelok, waaronder leerders, ouers, onderwysers, skole en plaaslike besighede van regoor die omliggende areas.



Stefan Jordaan by een van die uitstallers

Verskeie skole het die dag bygewoon, insluitend AJ Ferreira, Carlton van Heerden, Upington Hoërskool, Hoërskool Martin Oosthuizen en Saul Damon. Leerders en opvoeders van hierdie instellings het die dag ten volle benut om meer te leer oor die unieke geleenthede wat die Vine Academy bied.

'n Hoogtepunt van die dag was die inspirerende toespraak deur 'n spesiale gas, mnr. Wiaan van Rensburg, Vice-President van Agri Noord-Kaap. Sy boodskap het leerders gemotiveer om hul drome na te jaag en die belangrikheid van landbou in die streek beklemtoon.



Hoërskool Martin Oosthuizen



Hoëskool Saul Damon

Plaaslike ondernemings soos Redira, Margie's Parfuum en Oranje Meganisasie was ook teenwoordig met inligtingstalletjies en produkte wat te koop aangebied was. Hulle het waardevolle insig verskaf oor moontlike loopbane en praktiese aspekte van verskeie werksveldes, wat vir die jongmense besonders insiggewend was.

Radio Riverside het die dag weer opgewakker met lekker musiek en lewendige aanbieding van die Opedag wat bygedra tot die feestelike atmosfeer. Hul betrokkenheid het die gemeenskapsgevoel verder versterk.

Die sukses van die opedag het weereens bewys dat die Vine Academy and Model Farm veel meer is as net 'n opleidingsinstansie – dit is 'n dinamiese spilpunt vir gemeenskapsbetrokkenheid en ontwikkeling. Die akademie spreek sy opregte dank uit aan al die gaste, skole en besighede vir hul borgskappe wat die dag onvergetlik gemaak het.



Hoëskool Upington

“

Die dag was gevul met pret, leer en waardevolle interaksie – en almal sien reeds uit na volgende jaar se opedag!

”



Hoëskool Carlton van Heerden



Collaboration in Action:

Watch How Industry and Government Came Together to Power the Cape Town Port

Following the successful rollout of the generator project at the Cape Town Container Terminal earlier this year, a new video has been released to showcase the strength and impact of the collaboration between the fruit export industry, the Western Cape Government, and Transnet Port Terminals.

 [Watch the video here](#)

 [Read the full joint press release here](#)

The project involved the rental of two 500kVA generators powering 120 additional reefer plug points, funded by donations from the export-oriented agricultural industry and coordinated with the support of Transnet and government departments. The initiative aimed to alleviate pressure at the terminal during peak season and enable more efficient cold chain management for fruit exports. **Speakers featured in the video include:**

- Theo Boshoff, CEO of Agbiz
- Noxolo Thabatha, Terminal Manager at Cape Town Container Terminal
- Glen Steyn, Project Manager, Logistics Development: Western Cape Government
- Micia Petersen, CEO: South African Table Grape Industry (SATI)
- Oscar Borchards, Managing Executive, Western Cape Terminals: Transnet
- Ilse van Schalkwyk, Acting DDG: SEAD & Chief Director: Economic Sector Support
- Antoinette van Heerden, Logistics Manager: Fresh Produce Exporters Forum
- Jacques du Preez, General Manager: Trade and Markets, Hortgro
- Arno Abeln, Managing Director: Agrimark

The project aligns with the **Western Cape's Growth for Jobs strategy**, which aims to triple exports by 2035 through improved logistics infrastructure. It also reflects Transnet's ongoing efforts to strengthen ties with the agricultural sector and improve throughput at South African ports.



Raisins

South Africa

Databasis

Vir 'n bedryf om optimaal te funksioneer, is dit van kardinale belang dat alle lede so goed ingelig moontlik is.

Verskeie platvorms word gebruik om inligting te versprei, met die twee vernaamste metodes e-pos en WhatsApp groepe.

Indien u slegs e-posse ontvang en ook op 'n WhatsApp groep wil wees, of omgekeerd, kontak asseblief vir



Chantelle epos



082 596 8179



NOTA

Indien u kontakbesonderhede verander, of indien u miskien weet van 'n rosyneprodusent wie nie inligting ontvang nie, sal dit hoog op prys gestel indien u die inligting aan Raisins SA kan deurgee.



Kontak ons

Groenpuntweg 9, Kantoor 1, Keidebees • 054 495 0283 • www.raisinsa.co.za

Wessel Lemmer

Chief Executive Officer



wessel@raisinsa.co.za



+27 71 354 2948

Minessa la Grange

Financial Management and Governance



minessal@raisinsa.co.za



+27 82 827 7436

Natascha Hamman

Finance, Operations and Administration



nataschah@raisinsa.co.za



+27 83 701 1226

Madene Conradie

Economics, Market Intelligence
and Development



madenec@raisinsa.co.za



+27 79 862 9752

Chantelle Kotze

Brand, Media, and
Stakeholder Engagement



chantellek@raisinsa.co.za



+27 82 596 8179